

Die ATKV as kultuurorganisasie binne 'n veranderende Suider-Afrikaanse samelewing

Pieter Möller
Skool vir Basiese Wetenskappe
Vaaldriehoekcampus, Noordwes-Universiteit

Abstract

The Afrikaanse Taal en Kultuur Vereeniging (ATKV) is an organisation aimed at developing Afrikaner culture and language by hosting several projects. The role of the ATKV changed considerably after the transformation of South Africa to a multi-racial democracy in 1994. The changing context will be approached from historical perspective, and specific attention will be paid to the role that the ATKV currently plays in the new South African society.

This article considers the organisation's change of focus, management and attitude within this new context. The main question that this article wants to debate is whether this organisation indeed succeeds in enhancing, deepening and expanding Afrikaner culture and whether it is a modern and dynamic organisation.

Some of the projects hosted by the ATKV will be evaluated to indicate in what measure this organisation reaches out to other cultures and what influence it has on the broader South African society. To rethink identity and memory within the new South African society, membership of the ATKV as well as its implementation within a system of cultural branches operating countrywide, will be evaluated critically.

The article will show that the ATKV's activities are aimed at achieving its goals with drive and creativity. The organisation achieves this through its many intercultural projects focused on enhancing relationships between the different cultural groups in South Africa. Ultimately,

it is argued that the ATKV plays a critical and crucial role that benefits, or will benefit the broader South African society in the 21st century.

Inleiding

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) is 'n organisasie wat hom dit ten doel stel om die Afrikaanse taal en kultuur te bevorder binne die Suider- Afrikaanse gemeenskap.

In hierdie artikel sal daar 'n historiese perspektief gestel word om die plek en rol van die organisasie te bepaal. Spesifieke aandag sal gegee word daaraan om die huidige rol wat die ATKV binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap vertolk, aan te toon. 'n Belangrike vraag wat hierdie artikel wil debatteer is of die organisasie wel daarin slaag om die belange van die Afrikaanse kultuurgroep te verdiep en uit te bou, asook of hierdie organisasie as modern en dinamies beskou kan word.

Projekte wat die ATKV aanbied, sal geëvalueer word om te bepaal in watter mate dit 'n invloed op die breër Suider-Afrikaanse gemeenskap uitoefen.

Daarna sal gefokus word op die veranderinge wat vanaf 1994 binne die organisasie plaasgevind het, toe gepoog is om in te pas by die transformasie van die Suider-Afrikaanse gemeenskap na 'n veelrassige demokrasie.

Skrywer sal aantoon dat die ATKV se aktiwiteite daarop gemik is om die organisasie se oogmerke met doelgerigtheid en kreatiwiteit te bereik, en ook probeer vasstel of die ATKV deur sy verskillende interkulturele projekte inderdaad daarin slaag om verhoudinge tussen die verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika te vestig en te verbreed.

Ten laaste sal geargumenteer word dat die ATKV 'n kritieke en onmisbare rol vertolk tot voordeel van die breër Suider-Afrikaanse gemeenskap in die 21ste eeu.

Die visie van die ATKV kan soos volg gestel word: Dat die Afrikaanse gemeenskap, sy taal, kultuur en kundigheid in die 21ste eeu nog steeds onmisbaar deel vorm van 'n suksesvolle Suider-Afrikaanse geheel waarbinne die ATKV 'n bepalende en aanvaarbare rol speel tot voordeel van die groter Suider- Afrikaanse gemeenskap.¹ Binne hierdie droom word die missie van

¹ "Voëlvlugblik ATKV 75 op ons blink geskiedenis", Die Taalgenoot, Januarie 2006, p.37.

die ATKV uiteengesit, naamlik dat hy 'n kultuurorganisasie is waardeur die Afrikaanse kultuur as geheel op 'n byderwetse en dinamiese wyse beleef, bevorder, verdiep en uitgebrei word om in Suider-Afrika 'n positiewe en onmisbare bydrae te lewer.²

Historiese agtergrond

Die ATKV is op 19 Augustus 1930 in Kaapstad gestig.³ Die doel van die organisasie was om uiting aan die kulturele aspirasies van Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners te gee. Nog voor die einde van 1931 was daar reeds 30 ATKV-takke met 'n beraamde ledetal van 2 500.⁴ Die lede was van die begin af baie geesdriftig en baie gou het die ATKV belangrike deurbrake vir die Afrikaner gemaak. Daar het 'n gees van broederskap en eensgesindheid ontstaan wat stabiliteit en aansien aan die organisasie verleen het. Alles is in die stryd gewerp om die organisasie groot en sterk, asook finansiële kerngesond te maak. 'n Gees van pligsbesef het geheers. Teen die einde van 1932 is 'n hoogtepunt deur die organisasie bereik deurdat sy invloed en doelbewuste optrede toe reeds 'n faktor in die diensaangeleenthede van die spoorweë geword het. 'n Komitee is saamgestel wat gemoeid was met die skep van Afrikaanse spoorwegterminologie. Daar is toe reeds beweer dat die blote feit dat die ATKV bestaan, die hande van die Uitvoerende Raad van die Spoorweë gesterk het om sake soos onder andere die verengelsing van stasiename, swak vertaling van omsendbriewe en die miskennis van Afrikaans met mening aan te pak. Die ATKV het daartoe bygedra om intelligente belangstelling in die Afrikaanse taal en kultuur by die spoorwegpersoneel aan te wakker.⁵ 'n Mylpaal is in Desember 1931 bereik met die eerste uitgawe van *Die Taalgenoot*, 'n maandblad wat as amptelike nuusblad van die organisasie sou dien.⁶ Met die verskyning van *Die Taalgenoot* het die buitewêreld vir die eerste keer 'n blik op die aktiwiteite van die ATKV gekry. Die ATKV het nou ook oor 'n werktuig beskik om daadwerklik uiting te gee aan sy behoefte om kultuurverwaarlosing die hok te slaan en sy lede van waardevolle inligting te bedien. In Oktober 1933 is omvangryke stappe ingestel sodat alle terreine van die Afrikaanse

2 Jaarverslag, Die Besturende Direkteur: ATKV kongres 2005 vir die boekjaar 1 April 2004 tot 31 Maart 2005, p.7, Kongres-notuleboek, Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

3 APJ van Rensburg, ATKV 1930 – 1980, Monumentaal die bouwerke. 'n Halfeeu op die voorpos (Caxton Beperk, Pretoria, 1980), p.15.

4 APJ van Rensburg, ATKV 1930 – 1980..., p.20.

5 APJ van Rensburg, ATKV 1930 – 1980..., pp.20 – 21.

6 APJ van Rensburg, ATKV 1930 – 1980..., p.20.

spoorweggemeenskap binne die invloedseer van die ATKV betrek kon word.⁷ 'n Program van aksie is van stapel gestuur. Daar is 'n nuwe en verbeterde konstitusie opgestel waarin 'n omvattende taal- en kultuurprogram uiteengesit is, asook ingrypende organisatoriese planne ten opsigte van die finansiële beleid ingestel is. Voorts is verskeie hulpfondse geskep. Terselfdertyd is 'n beroep op alle lede van die organisasie gedoen om intensiewer arbeid op die taal- en kultuurakker te verrig.

Na 1933 het die ATKV saam met ander kultuurverenigings een van die bewuste vertolkers van die kultuurdroom van Afrikaanssprekendes op verskillende vlakke geword. Die invloed van die groot depressie van 1933 het ook die ATKV beïnvloed en het byvoorbeeld gelei tot die stigting van die Spoorbond in 1933 om naas kultuuraktiwiteite, ook na die materiële belange van sy lede om te sien. Teen die einde van 1934 het die ledetal van die ATKV op 7 000 gestaan en het daar 'n gees van optimisme onder die lede bestaan.⁸

Veranderende omstandighede in die land het 'n definitiewe invloed op die groei en werksaamhede van die ATKV gehad. Die Ossewatrek van 1938 het byvoorbeeld die ATKV se werksaamhede beïnvloed. In baie van die organisasie se aktiwiteite is 'n nuwe koers ingeslaan waardeur die ATKV die groot invloed wat tydens die Ossewatrek verkry is, deur diens wou uitoefen. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1939 sou tweedrag meebring weens politieke onmin tussen die lede. As gevolg van die oorlogstoestand en die ontwrigte landstoestand het daar ook spanning onder die lede van die ATKV geheers. Een van die dwingendste kwessies was die besluit om die oorlogspoging te steun al dan nie.

In die veertigerjare is van alle kante 'n gewilligheid geopenbaar om meningsverskille op te los. Die uitgangspunt was om die groot beginsel van diens en offervaardigheid na te streef. Die organisasie het weer eens bevestig dat hy geensins 'n afgesonderde groep wou wees wat net vir homself leef en 'n soort kulturele sekte uitmaak nie; hy wil 'n kragtige werktuig in die hande van die hele volk wees, wat homself blootstel aan invloede van buite.⁹

Met die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 is baie van die probleme wat toe as bedreigings beskou is, veral vir die spoorwegwerker met

7 APJ van Rensburg, ATKV 1930 – 1980..., p.27.

8 APJ van Rensburg, ATKV 1930 – 1980..., pp.28 - 32.

9 APJ van Rensburg, ATKV 1930 – 1980..., pp.41, 51.

die toepassing van die owerheidsbeleid van tweetaligheid en gelykberegtiging, reggestel.¹⁰

Organisatories het die beweging gedurende die vyftigerjare op sterk bene begin staan. Daar is op verskeie aspekte gefokus, soos byvoorbeeld om die Afrikaner se gesinslewe in sy verskillende fasette te verstewig en in 'n toenemende mate aandag te skenk aan jeugsake. Die organisasie het ook volksfeeste aangebied en was betrokke by geldinsamelingsprojekte.¹¹

Tydens die sestiger- en sewentigerjare het die ATKV 'n koersverandering ingeslaan. Reeds toe het die klem van die ATKV se werksaamhede op praktiese, kultuurgerigte projekte begin val.¹² Positiewe kultuurarbeid is op alle vlakke verrig. Dit was 'n tydperk van bestendige, produktiewe kultuurarbeid en volksorg.¹³

Die ATKV het nie net oor die jare 'n bydrae op taal- en kultuurgebied gelewer nie, maar ook 'n onmisbare rol gespeel in Suid-Afrika se oorgangsjare tot 'n demokrasie. Reeds in 1984 is die besluit geneem om alle nasionale projekte van die ATKV voortaan oop te stel vir alle rasse om aan deel te neem. In 1989 het die ATKV dit weer eens beklemtoon dat die organisasie onlosmaaklik deel van die toekoms van Suid-Afrika is en relevant wou wees. Die ATKV se uitgangspunt was deurgaans dat slegs 'n trotse gemeenskap met selfvertroue en respek vir die organisasie, sy taal, kultuur en sy landsgenote, verseker kan wees van sy eie voortbestaan en met oortuiging 'n bydrae kan lewer tot voordeel van sy vaderland.¹⁴ Tussen 1980 en 1990 het die kultuurbevorderingsaksies van die ATKV deur middel van projekte in so 'n mate uitgebrei dat daar 34 nasionale projekte teen die einde van 1989 was.¹⁵

Vanaf die negentigerjare was die uitgangspunt van die ATKV om al sy projekte op 'n byderwetse en dinamiese wyse aan te bied. Sodoende is uitgereik na die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap en nie net gefokus op 'n eie kultuurgroep nie.

10 APJ van Rensburg, ATKV 1930 – 1980..., pp.95 – 96.

11 Voëlvlugblik ATKV 75 op ons blink geskiedenis, Die Taalgenoot, Januarie 2006, p.32.

12 ATKV Hoofkantoor, Pretoria, W Louw, Interne ATKV inligtingstuk, "Geskiedenis van die ATKV 1981 tot 2005", (Q: \Best Admin\Spes Opdragte\Geskiedenis 1981-2005.doc), Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

13 APJ van Rensburg, ATKV 1930 – 1980..., p.130.

14 Voorsittersrede, J van Schoor, 78ste kongres van die ATKV, Hartenbos, Kongres notuleboek, Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg, 17 Augustus 2006,.

15 ATKV Hoofkantoor, Pretoria, W Louw, Interne ATKV inligtingstuk, "Geskiedenis van die ATKV 1981 tot 2005", (Q: \Best Admin\Spes Opdragte\Geskiedenis 1981-2005.doc), Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

Die ATKV as dinamiese uitbreider van die Afrikaner-kultuur

- **ATKV-lede**

Tot 1991 was lidmaatskap van die ATKV beperk tot lede van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens. In 1993 het die ATKV en die ATKB (die kultuurorganisasie van die Suid-Afrikaanse Poskantoor en Telkom) saamgesmelt. Tans staan die ledetal van die ATKV op nagenoeg 110 000 lede. Die aantal lede is van groot belang, want hoe meer lede die kultuurorganisasie verteenwoordig, hoe meer kan daar met gesag namens 'n groot groep Afrikaanse kultuurgebruikers gepraat word.¹⁶

Die Menseregtekommissie (MRK) se bevinding in 2000 dat kultuurorganisasies wat hulle streng by kultuursake hou, immuun behoort te wees teen staatsinmenging was ook betekenisvol en verreikend vir die ATKV. Hierdeur is bevestig dat die konsep van minderheidsregte 'n erkende internasionale regsbeginsel is en dat die opstellers van die Grondwet wou toesien dat die regte van mense van 'n bepaalde kultuur-, godsdiens- of taalgroep beskerm moet word.¹⁷

- **Kongrestemas**

Die kongres-temas van die ATKV sedert 1981 spreek vanself en dui daarop dat die ATKV 'n kultuurorganisasie is wat deurgaans relevant en eietyd wou wees en wat wou help beplan aan die toekoms. Die kongres-temas en -sprekers vanaf 1981 behels die volgende:¹⁸

1981	Mensbenutting in perspektief	Mnr. Hendrik Schoeman, Minister van Vervoerwese. Verskeie lede van die Uitvoerende Raad het inleidende praatjies gelewer.
1982	Verantwoordelikhede en uitdagings van die Afrikaner-kultuurmense in die tagtigerjare	Mnr. A. Schlabusch, Vise-Staatspresident en prof. M. Swart
1983	Handhaaf en bou	Mnr. M. Viljoen, Staatspresident Prof. G.C. Cillie
1984	Die ATKV-tak	Dr. W. de Klerk Mnr. N. Bos
1985	Die Jeug - wie se verantwoordelikheid?	Dr. E.L. Grové Dr. O. Raubenheimer
1986	Die ATKV: Doelgerigte kultuurorganisasie in die nuwe bedeling	Prof. P. de Lange (RAU) Prof. T. van der Walt (PU)

16 "Voëlvlugblik ATKV 75 op ons blink geskiedenis", Die Taalgenoot, Januarie 2006, p.30.

17 Anon., Hoofartikel, "Kultuurregte so veilig", Die Volksblad, 17 Augustus 2000, p.6.

18 ATKV Hoofkantoor, Pretoria, W Louw, Interne ATKV inligtingstuk, Geskiedenis van die ATKV 1981 tot 2005, (Q: \Best Admin\Spes Opdragte\Geskiedenis 1981-2005.doc), Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

1987	Eenheid binne verskeidenheid - beeld van 'n dinamiese Afrikaner-kultuur	Mnr. E. Louw Prof. Johan Heyns
1988	Die ATKV op pad na 2000	Dr. A. Moolman
1989	Afrikaans: Allemanstaal vir die jare '90	Prof. Elize Botha
1990	ATKV - 60	Pres. F.W. de Klerk
1991	Die ATKV - Dinamies deel van die toekomstige Suid-Afrika	Dr. Anton Moolman
1992	Die ATKV - Verantwoordelikhede en uitdagings vorentoe	Dr. Tjaart van der Walt
1993	Die ATKV - Praktiese kultuurbevordering	Prof. Pieter Potgieter
1994	Die ATKV - Dinamies deel van die toekoms	Mnr. Marinus Daling
1995	Die ATKV - Aktiewe bouer aan die toekoms	President Nelson Mandela
1996	Die ATKV - Kultuur in praktyk	Prof. Herman Gilliomee
1997	Die ATKV - Kreatiewe ondernemerskap	Dr. Anton Moolman (waarnemend vir dr. Rupert)
1998	Die ATKV - Vat vyf vir 2000	Dr. Van Zyl Slabbert
1999	Die ATKV - Laat taal en kultuur leef	Pres. Thabo Mbeki
2000	Die ATKV - Ons missie in die praktyk	Mnr. Nallie Bosman
2001	Die ATKV - Onmisbaar deel van Afrika	Prof. Willie Esterhuysen
2002	Suid-Afrika: Land van geleenthede	Dr. Johann van Zyl
2003	Eenheid in verskeidenheid	Aartsbiskop Desmond Tutu
2004	Die ATKV en tien jaar van demokrasie	Prof. Willie Esterhuysen
2005	Afrikaans Kook!!	Mnr. F. W. de Klerk
2006	Relevant Afrikaans @ATKV.kom.Saam	Dr. Theuns Eloff

- **Bemagtiging**

Die ATKV beskik tans oor 'n bankvaste organisasiestruktuur met 'n moderne hoofkantoor in Randburg. Benewens die direksie wat tydens die jaarlikse kongres uit die geledere van die ATKV-lede aangewys word, bestaan die struktuur van die ATKV uit 'n kultuurkomitee, dameskomitee, finansiële komitee, ouditkomitee en 'n sake-komitee.¹⁹ ATKV-lidmaatskap bied aan lede die geleentheid om op 'n verskeidenheid maniere betrokke te raak by Afrikaner- kultuursake. Die ATKV-beleid en sy standpunte word jaarliks by die kongres hersien.

- **ATKV-takke**

Terwyl die ATKV-lid die grondslag is waarop die ATKV gebou is, is die takke die hande, voete en selfs bloed van die organisasie. Die takke se werksaamhede is daarop gerig om die ATKV se doelstellings met daadkrag en vindingrykheid te verwesenlik, te bevorder en in die praktyk toe te pas. Daar is reeds in die negentigerjare ook ander rasse betrek by die ATKV. In Augustus 1999 is daar byvoorbeeld 'n ATKV-tak in Soweto gevestig.²⁰ Teen 2003 het die tak aansienlik gegroei en 'n belangrike by-

19 ATKV Hoofkantoor, Pretoria, W Louw, Interne ATKV inligtingstuk, "Geskiedenis van die ATKV 1981 tot 2005", (Q: \Best Admin\Spes Opdragte\Geskiedenis 1981-2005.doc), Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

20 M Ferris, "Afrikaner culture spreads to township", The Star, 17 August 1999, p.11.

drae gelewer tot 'n beter begrip van die Afrikaanse kultuur onder swart mense.²¹ Tans is daar talle ATKV-takke wat uitsluitlik deur bruin mense bedryf word.

Deur die loop van jare het die ATKV-takke elk oor 'n eiesoortige karakter beskik en met unieke projekte vorendag gekom. Van die algemeenste werksaamhede was onder andere vasvrawedstryde, boeresport, gesinsaande met 'n bring-en-braaifunksie, volksfeeste, toneelfeste, kultuuraande en kersbyeenkomste. Vandag is takke betrokke by tientalle plaaslike projekte ter bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur. Van die projekte behels die aanbod van skryfkompetisies, toekenningsgeleenthede, entrepreneurskursusse, multikulturele sangaande en kosproegeleenthede, werksessies, gesinsnaweke, geldinsamelingsprojekte, wedlope en die hou van gesellighede en uitstappies.

Bestuurslede en in die besonder nuutverkose bestuurslede van ATKV-takke ontvang gereeld opleiding wat deur die afdeling, Takke, en die streekkantore geïnisieer word. Kundige lesingaanbieders word betrek by gespesialiseerde opleiding in aspekte soos bemaking, vergaderingsprosedures, takverpligtinge, gesinsdinamika, entrepreneurskap en strategiese beplanning, om maar enkele aspekte te noem.²²

- **Projekte**

Die wye veskeidenheid projekte waarop die ATKV hom toespits, bewys dat hy 'n kultuurorganisasie is waardeur die Afrikaanse kultuur as geheel op 'n byderwetse en dinamiese wyse beleef, bevorder, verdiep en uitgebrei word om in Suider-Afrika 'n positiewe en onmisbare bydrae te lewer. Die projekte word op verskeie terreine aangebied, soos byvoorbeeld musiek, toneel, redevowering en allerlei kursusse en opleidingsgeleenthede.

- **Musiek**

- *ATKV-Crescendo* is die grootste Afrikaanse ligtemusiekkompetisie in Suid-Afrika. In die 32 jaar waarin ATKV-Crescendo reeds aangebied word, is bykans 11 200 inskrywings ontvang en het meer as 6 100 nuwe Afrikaanse komposisies die lig gesien.²³

21 M Waldner, "Afrikaanse pub in Soweto", Citypress, 18 May 2003, p.24.

22 "Voëlvlugblik ATKV 75 op ons blink geskiedenis", Die Taalgenoot, Januarie 2006, p.32.

23 Jaarverslag, Die Besturende Direkteur: ATKV kongres 2005, 1 April 2004 tot 31 Maart 2005, p. 11, kongresdokumentebundel, Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

- *ATKV-Muziq* is 'n nasionale klassiekemusiekkompetisie vir jong volwasse musici. Hierdie projek het die twee klassieke musiekprojekte, Forte en Prelude vervang.
 - *ATKV-koorfees* is 'n eiesoortige brugbouprojek vir alle kore met koorlede wie se moedertaal nie Afrikaans is nie en dit word sedert 1989 aangebied.
 - *ATKV-Appλους* was een van die projekte wat deur die ATKV aangebied is en wat na die samesmelting in 1993 'n ATKV-projek geword het. Die projek het vanjaar sy 27ste bestaansjaar gevier. Appλους is daarop gemik om koorsang veral onder die jeug in Suid-Afrika te bevorder. Sedert die laat negentigerjare neem ook groot groepe leerders van ander bevolkingsgroepe aan hierdie kompetisie deel.
 - *ATKV-Christusfeesteprojek* bied Christelike musiek, tematiese skriflesing en voordrag in een program aan en word jaarliks deur ongeveer 20 000 mense bygewoon. Alle rassegroepe is by hierdie projek betrokke.²⁴
 - Die doel van die Boetmanprojek was aanvanklik om klassieke musiek op 'n vermaaklike wyse aan voorskoolse en laerskoolkinders bekend te stel deur middel van die produksie *Boetman en sy Classics-span*. Die projek is uitgebrei om kinders ook op 'n opwindende wyse aan die Suid-Afrikaanse kuns en kultuur bekend te stel.
- **Toneel**²⁵

Die ATKV-tienertoneelkompetisie bestaan reeds sedert 1963 en het ten doel om 'n liefde vir die Afrikaanse toneel te kweek – nie net by die toneelspelers en ander belangstellende tieners nie, maar ook by die gehoor. Sedert die laat negentigerjare word ook ander kultuurgroepe wat Afrikaans magtig is hierby betrek.

Die ATKV-kindertheaterprojek het ontstaan uit 'n behoefte aan gesonde en bekostigbare Afrikaanse kindervermaak deur middel van 'n rondreisende toneelgeselskap met professionele akteurs wat skole besoek het. Ook skole vir swart en bruin leerders word sedert 2003 hierby betrek.

²⁴ John Young, "Grootste skou nog...", Rapport, 27 Mei 2001, p.14.

²⁵ Jaarverslag, Die Besturende Direkteur: ATKV kongres 2005, 1 April 2004 tot 31 Maart 2005, p.15, kongresdokumentebundel, Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

- **Redevoering**²⁶

- *ATKV-redenaars-en-debatskompetisie* is een van die projekte wat voorheen deur die ATKKB bedryf is voordat dit 'n ATKV-projek geword het. Dit is tans een van die grootste projekte wat aangebied word.
- *ATKV-debatskompetisie* is vanaf 1970 deur die Rapportryerbeweging bedryf, maar het sedert 2003 'n projek van die ATKV geword.

Met hierdie kompetisies kry laer- en hoërskoolleerders die geleentheid om in Afrikaans standpunt in te neem, terwyl hulle ook die kuns van redevoering bemeester wat tot persoonlike groei en ontwikkeling lei.

Sedert 2001 neem tweedetaal- en derdetaalsprekers van Afrikaans ook aan hierdie kompetisies deel en dring jaarliks deur na die nasionale landsfinaalkompetisie.

- *ATKV-Litdink* is 'n Afrikaanse literêre vasvrakompetisie vir hoërskoolleerders. Toe Akpol, die Afrikaanse kultuurorganisasie van die SA Polisie diens, in 2000 ontbind het, is hulle ledebasis en projekte tot die beskikking van die ATKV gestel. Litdink was een van die projekte wat deur die ATKV oorgeneem en uitgebou is.

- **Kursusse en opleiding**²⁷

Die meeste van die kursusse en opleiding wat tans deur die ATKV aangebied word, is projekte wat na 1998 van stapel gestuur is, en sluit daarom ook ander rassegroepe in.

- *ATKV-kunstekstase* is ses jaar gelede in 2000 van stapel gestuur en word tans tydens die Aardklop Nasionale Kunstefees gehou vir leerders en onderwysers landwyd met as doel om die belangstelling van leerders in die uitvoerende en visuele kunste te prikkel en om die standaard in die uitvoering en toepassing van die verskillende kunsvorme te verhoog.
- *ATKV-koorleierskursus* is gerig op die koorleiers van kore waarvan die koorlede nie-moedertaalsprekers van Afrikaans is.
- *ATKV-leerkragindaba* is gerig op leerkrigte van hoër- en laerskole re-

26 Jaarverslag, Die Besturende Direkteur: ATKV kongres 2005, 1 April 2004 tot 31 Maart 2005, p.14, kongresdokumentebundel, Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

27 Jaarverslag, Die Besturende Direkteur: ATKV kongres 2005, 1 April 2004 tot 31 Maart 2005, p.13, kongresdokumentebundel, Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

goor die land het sedert 2003 bymekaar- gekom om gedagtes te wissel oor hul rol as opvoeders met die klem op leierskapsontwikkeling.

Die ATKV poog om vir oud en jonk 'n plek te gee waar deelnemers hul kultuurlus kan uitleef. Al die projekte van die ATKV kan ook tot mindere of meerdere mate herlei word tot die bemagtiging van die deelnemers. Die ATKV doen baie moeite om alle rassegroepe betrokke te maak by van sy projekte en daarom bemagtig hy oor kultuurgrense heen.

Die ATKV beskou die jeug as die leiers van die toekoms en het daarom deur die loop van baie jare verskeie projekte geloods om die jeug te bemagtig.

• Jeugprojekte

Enkele van hierdie projekte waarby die jeug betrokke is, is onder andere:²⁸

- *ATKV-simposiums vir jeugleiers* wat jaarliks bygewoon word deur hoof- en onderhoofleiers van laer- en hoërskole dwarsoor Suid-Afrika. Die doel met die simposiums is om jong leiers toe te rus vir doeltreffende funksionering gedurende hul leiersjaar. Lede van Junior Stadsrade word ook by hierdie projek betrek.²⁹
- *ATKV-jeugberade* is een van die projekte wat voorheen deur die ATKB bedryf is en nou 'n ATKV-projek geword het. Presteerders in Graad 11 van skole dwarsoor die land woon die berade by. Hulle word onder andere geskool in aktuele sake soos politieke, ekonomiese en tegnologiese kwessies, asook die onderwys- en die regstelsel.
- Die *ATKV-Ubuntuprojek* bring kinders uit verskillende kultuuragtergronde bymekaar sodat hulle mekaar beter leer ken en om sodoende meer wedersydse begrip vir en aanvaarding van mekaar te kweek. Daar word dikwels bekende persone genooi om met die kinders te praat en hulle aan te moedig om positiewe landsburgers te word.³⁰
- *ATKV-Ubuntugesprekke* bestaan uit gesprekke waartydens kinders en

28 Jaarverslag, Die Besturende Direkteur: ATKV kongres 2005, 1 April 2004 tot 31 Maart 2005, p.5, kongresdokumentebundel, Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

29 "Jip-Jeugleiers skop jaar af", Beeld, 23 Januarie 2006, p.3.

30 J Jansen, "The future is shaped in your mind", City Press, 8 August 2004, p.4.

volwasse nes uit verskillende kultuuragtergronde bymekaargebring word om mekaar beter te leer ken.

- Die doel met die *Top-Entrepreneurskompetisie* van Absa Bank fokus daarop om reeds van kleins af by kinders 'n kultuur van entrepreneurskap te kweek. Die ATKV staan in 'n vennootskap met die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) en Absa Bank vir hierdie projek. Alle rasse-groepe word by die projek betrek.
- By die *ATKV-jeugdagvierings* word gewoonlik meer as 500 minder-bevoorregte kinders uit al die kultuurgroepe bymekaargebring om Jeugdag op 16 Junie by die onderskeie ATKV-vakansieoorde te vier. Hierdie projek is in 2002 begin, en slaag by uitstek daarin om kinders van verskillende kulture te kry om mekaar beter te verstaan, maar ook om mekaar wedersyds te respekteer. Omvattende media-dekking in die pers en op televisiekanale word uit hierdie projek verkry.
- *Projek Handevat* fokus in die gees van die Afrika-Renaissance en die Nuwe Vennootskap vir Afrika-ontwikkeling (Nepad), op samewerking tussen skole in vermoënde en armer gemeenskappe. Met hierdie projek vat 'n skool in 'n gegoede gemeenskap simbolies hande met 'n skool in 'n armer gemeenskap om saam 'n projek aan te bied wat oor die lang termyn tot voordeel van die hele gemeenskap sal strek. Binne 'n gemeenskap word baie meer deur middel van musiek bereik as net om versoening te bewerkstellig. Dit is die soort aksies wat die nuwe Suid-Afrika suksesvol sal maak.³¹
- Die ATKV loods ook verskeie projekte wat daarop gerig is om volwasse nes te bemagtig. Een voorbeeld hiervan is die *ATKV-entrepreneurskursus vir volwasse nes*. Die doel van die projek is om volwasse nes met eie ondernemings op te lei in gesonde sakebeginsels ten einde 'n optimale winsgrens te bereik.
- Die ATKV is verder betrokke by 'n groot aantal *sosiaal-maatskaplike aksies*. Sedert 2004 het die ATKV-dameskomitee in samewerking met ATKV-damestakke veral 'n groot bydrae gelewer in hierdie verband.³²

Die Dameskomitee gee byvoorbeeld jaarliks erkenning aan 'n dinamiese

31 Anon, "Musiek snoer skole saam", Rapport, 28 Oktober 2006, p.15.

32 Jaarverslag, Die Besturende Direkteur: ATKV kongres 2002, 1 April 2001 tot 31 Maart 2002, p.6, kongresdokumentebundel, Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

vrou wat deur haar toewyding 'n daadwerklike verskil in die samelewing en haar gemeenskap maak. Hierdie komitee neem ook minderbevoorregte kinders van alle rassegroepe vir 'n uitstappie na die ATKV se Natalia-oord, in KwaZulu-Natal. Die meeste van hierdie kinders beleef dan hul eerste ervaring van die see. Een van die grootste sosiaal-maatskaplike probleme waarmee Suid-Afrikaners te kampe het, is werkloosheid. Hand aan hand hiermee loop ongeletterdheid. Die Laslap-projek is enersyds gemik op die opleiding van minderbevoorregte vroue en andersyds op werkskepping en die bekamping van armoede. Die oprigting van naaldwerksentrums vorm die hoeksteen van die projek. Kursusse is vir vrywillige werkers aangebied om hulle te skool in die uitdagings van vrywillige werk en dienslewering aan die gemeenskap. 'n Projek bekend as Vriendskapsdoek het ten doel gehad om deur middel van kwilt-blokke wat deur organisasies en individue gemaak word, 'n minimum van nege materiaalpanele te maak wat die tema "Vrouwees in Afrika" uitbeeld. 'n Ander groot projek was die Vigskombersprojek. Die doel hiermee was om 'n algemene bewustheid te skep oor VIGS, en 'n positiewe houding oor VIGS onder ATKV-dames, ATKV-lede en hul gesinne te genereer. 'n Verdere doelstelling was om met handgemaakte kombesies, liefde en emosionele sekuriteit aan HIV-positiewe babas in hospitale en tehuise te verskaf. Ongeveer 4000 kombesies was die produk van hierdie projek. Skoolverlaters word in samewerking met die MES-aksie vir 'n paar dae na Klein-Kariba geneem. Die doel van die projek is om minderbevoorregte kinders uit hulle daaglikse omstandighede te neem, te bederf en op een of ander manier waarde tot hul lewens toe te voeg.³³

- **ATKV-oorde**

Die ATKV beskik tans oor ses pragoorde waar Suid-Afrikaners teen bekostigbare tariewe kan gaan uitspan tydens naweke en vakansies. Hierdie oorde is Hartenbos tussen George en Mosselbaai, Natalia aan die Suidkus van KwaZulu-Natal, Klein-Kariba naby Bela-Bela, Goudini Sapa in die hartjie van die Breëriviervallei naby Worcester, Buffelspoort naby Rustenburg en Drakenstein in die Drakensberge naby Bergville.³⁴

Die ATKV-oorde word op gesonde sakebeginsels bedryf. Die sukses van hierdie sakebeen van die ATKV is grootliks die rede waarom die ATKV

³³ Jaarverslag, Die Besturende Direkteur: ATKV kongres 2005, 1 April 2004 tot 31 Maart 2005, p.11.

³⁴ Jaarverslag, Die Besturende Direkteur: ATKV kongres 2005, 1 April 2004 tot 31 Maart 2005, pp.26–30; kongresdokumentebundel, Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg; <http://www.atkv.org.za/oorde>.

as 'n kultuurorganisasie onafhanklik kan funksioneer. Die geld wat deur die 400 000 jaarlikse besoekers aan die oorde gegeneer word, word vir die talle kultuurprojekte van die ATKV aangewend en verseker die ATKV van 'n vaste inkomste.³⁵

Die verkryging van die eiendom deur die loop van die jare het die ATKV nie net in staat gestel om ledewerwing te bevorder nie, maar die vaste eiendom kon dikwels as sekuriteit dien vir die verkryging van kapitaal vir verdere uitbreiding.³⁶

Die ATKV as dinamiese kultuurorganisasie binne die nuwe politieke bestel in Suid-afrika

Die nuwe politieke bestel in Suid-Afrika wat in 1990 momentum gekry het met die ontbanning van die ANC en ander groepe, asook die aanvang van staatkundige onderhandelinge, het in 1994 gekulmineer in 'n nuwe staatkundige bestel vir Suid-Afrika.

In hierdie afdeling sal daar verwys word na die veranderinge wat vanaf 1994 binne die ATKV plaasgevind het in 'n poging om in te pas by die transformasie van die Suider-Afrikaanse gemeenskap na 'n veelrassige demokrasie. Voorts sal daarvoor besin word of die ATKV wel 'n kritieke en onmisbare rol vertolk tot voordeel van die breër Suider-Afrikaanse gemeenskap in die 21ste eeu.

Die ATKV het beslis kennis geneem van die transformasieproses in die land en reeds in 1991 die besluit geneem om alle verwysings na ras in sy ledeveristes te skrap. Die ATKV was bewus van die groot aantal Afrikaanssprekendes, ongeveer twaalf miljoen mense, en het weer eens sy doelwit bevestig om Afrikaans uit te bou as die allemanstaal van die toekoms.³⁷ “Die ATKV is Suid-Afrikaans in Afrikaans”: Dr. Frits Kok, vorige besturende direkteur van die ATKV, wys daarop dat Afrikaans ook in die bemarkingswêreld begin het om sy merk te maak, aangesien Afrikaans 'n kragtige bemarkingstaal geword

35 “Voëlvlugblik ATKV 75 op ons blink geskiedenis”, Die Taalgenoot, Januarie 2006, p.31.

36 Onderhoud, Mnr F Kok/Dr. PL Möller, (Uitgetrede Besturende Direkteur van die ATKV), 3 Februarie 2006.

37 ATKV Hoofkantoor, Pretoria, W Louw, Interne ATKV inligtingstuk, “Geskiedenis van die ATKV 1981 tot 2005”, (Q:\Best Admin\Spes Opdragte\Geskiedenis 1981-2005.doc), Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

het.³⁸ Om hierdie rede het die ATKV in die laaste jare ook betrokke geraak by verskeie strukture in die land waarbinne hy sy standpunt kon stel en verdedig.³⁹ Hierdie beeld moes in Suid-Afrika en by die Afrikaanse gemeenskap gevestig word, sodat elke Afrikaanse individu en organisasie wat met hierdie beeld kon vereenselwig, met die ATKV en met mekaar hande sal vat om hulself in Afrikaans te laat geld en 'n positiewe bydrae tot 'n suksesvolle Suid-Afrika te maak.⁴⁰ Die ATKV het ook sedert 2000 hom daarop toegespits om deur middel van navorsing deur betroubare navorsingsmaatskappye 'n verteenwoordigende peiling te kry rakende die sieninge en behoeftes van die gemeenskappe wat hy dien.⁴¹ Sodoende kon die organisasie op die hoogte bly van die behoeftes van sy kultuurgroep en meganismes in werking stel om byderwets te wees.

Die ATKV het deurgaans gepoog om deel te wees van 'n veranderende Suid-Afrika. Die organisasie het duidelik 'n behoefte ontwikkel om 'n verskil te maak. Toe voorstelle vir die nuwe gekombineerde nasionale lied gevra is, het die ATKV voorgestel dat die vier inheemse tale (waarvan Afrikaans natuurlik een is) as die tale van die lied aangebied word. Die ATKV het voor die aanvaarding van die nuwe nasionale lied, *nKosi Sikela iAfrika*, die lied in Afrikaans laat vertaal en versprei sodat Afrikaanssprekendes op hierdie wyse 'n positiewe houding jeens die lied sou ontwikkel.

Die ATKV het ten minste vyf voorstelle vir 'n nuwe landslag voorgestel. Hoewel nie een aanvaar is nie, was die betrokkenheid van die ATKV belangrik omdat die organisasie bereid was om nuwe simbole te aanvaar ter wille van eenheid in Suid-Afrika.⁴²

In September 1999 het president Thabo Mbeki die ATKV toegesprek tydens hul jaarlikse kongres en daarop gewys dat hy van mening is dat die ATKV 'n belangrike rol vertolk in die Suider-Afrikaanse samelewing. Hy het verwys na die talle welslae van die ATKV en die organisasie gevra om 'n nog groter bydrae te lewer, ook ten opsigte van die ekonomiese opheffing van alle Suid-Afrikaners.⁴³ In die Engelstalige koerant, die *Star*, van Desember 2005 het 'n berig verskyn waarin die mening uitgespreek is dat die Afrikaanse ge-

38 M O'Connor, "Talle juig oor Rupert se stap na Britse 'miskykie'", Die Burger, 6 Desember 2005, p.6.

39 H Retief, "Na 'n kwarteeu se Mnr.ATKV: Genoeg is genoeg", Rapport, 23 April 2006, p.23.

40 Voorsittersrede, J van Schoor, 78ste kongres van die ATKV, Hartenbos, Kongresnotuleboek, Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg, 17 Augustus 2006.

41 ZB Du Toit, "So sien die Afrikaanse gemeenskap homself", Rapport, 19 November 2001, p.12.

42 Onderhoud, B Ferreira (Hoofbestuurder, ATKV hoofkantoor) Dr. PL Möller, Junie 2006.

43 SAPA, Anon., "Mbeki asks ATKV for help with economic upliftment", Citypress, 29 September 1999, p.6.

meenskap die groep mense in Suid-Afrika is wat die mees radikale verandering in hul politieke denke sedert 1994 gemaak het en dit ook uitleef.⁴⁴ *Die Burger* van November 2006 beweer dat die ATKV waarskynlik die enigste Afrikaanse organisasie is wat 'n kans het om uiteindelik te oorleef omdat hulle in die behoefte van die Afrikaanse mense voorsien om binne 'n gemaklike, bekende en veilige omgewing hulself uit te leef en aangename dinge te doen.⁴⁵ Heindrich Wyngaard, 'n bruin politieke ontleder en skrywer in *Rapport*, wys daarop dat daar tans deur die Afrikaanssprekende jeug met 'n andersoortige stemtoon gepraat word: 'n stemtoon van nie-rassigheid, van toeganklikheid, van sagtheid en van 'n nuwe soort help-mekaar.⁴⁶

Die Direksie van die ATKV was uit die staanspoor daarop ingestel om volgens 'n langtermynplan 'n bepaalde doelwit te bereik. Die visie en missie, soos reeds in die inleiding genoem, sou die basis vorm van hierdie doelwit.

Transformasie en die akkommodering van anderskleuriges was sekerlik een van die belangrikste aspekte waaraan aandag gegee is. In *Rapport* het 'n bruin man daarop gewys dat daar by die ATKV-standoord by Hartenbos tydens die Desember vakansie al hoe meer bruin gesigte te sien is.⁴⁷ Die voormalige besturende direkteur, Frits Kok, het in dieselfde gees in 'n artikel van *Rapport* in April 2006 daarop gewys dat die ATKV onomwonde en finaal op 'n pad van transformasie geplaas is. Hy noem as voorbeeld die groot welslae van die ATKV-tak in Soweto en die groot aantal takke waarby bruin mense in die Wes-Kaap tans betrokke is.⁴⁸ Nog 'n noemenswaardige voorbeeld is die vroue van Soweto wat daagliks in hul ATKV-projekkamer handwerk doen waarmee hul geld insamel vir hul gemeenskap. Hier word ook reeds vir 'n hele aantal jare elke Saterdag klasse in Afrikaans aangebied omdat 'n behoefte hieraan by kinders in Soweto geïdentifiseer is, en hierdie projek daarin slaag om goeie verhoudinge tussen kultuurgroepe te bewerkstellig.⁴⁹

Dat die ATKV in 2006 opgetree het as die hoofborg van die Afrikaanse *Idols*-kompetisie wat deur *Kyknet* aangebied is, is volgens die nuwe uitvoerende direkteur van die ATKV, Coenie de Villiers, 'n duidelike bewys dat dit 'n byderwetse organisasie is.⁵⁰ Daar is tans 'n doelbewuste poging om

44 A Maree, "Afrikaners have changed with times", *The Star*, 5 December 2005, p.5.

45 Anon., "Cool", *Die Burger*, 11 November 2006, p.4.

46 H Wyngaard, "Net so kan Afrikaanse jeug relevant bly", *Rapport*, 27 Augustus 2006, p.18.

47 Anon., "Ons is almal in suburbia", *Rapport*, 3 Desember 2006, p.12.

48 H Retief, "Na 'n kwarteeu se mnr. ATKV: Genoeg is genoeg", *Rapport*, 23 April 2006, p.23.

49 M Jordaan, "ATKV-vroue in Soweto woeker met hul talente", *Rapport*, 19 Maart 2006, p.17.

50 H Retief, "50 en reg vir die volgende skof", *Rapport*, 11 November 2006, p.12.

die Afrikaanse jeug te betrek by die ATKV en beroep word telkens op die jeug gedoen om hulle stem te laat geld oor sake wat hulle na aan die hart lê.⁵¹ Die betrokkenheid van die ATKV by kunstefeeste soos die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (Oudtshoorn), die Aardklop Nasionale Kunstefees (Potchefstroom), die UKkasie Kunstefees (Londen), en verskeie ander kunstefeeste soos by die Nampo-skou in Bothaville, die Sitrusfees by Buffelspoort, die Garipefees in Kimberley, Innibos in Nelspruit, die Kuierfees in Upington, die Kolligfees in Durban en die Woordfees in Stellenbosch,⁵² dien as 'n bewys daarvan dat die ATKV betrokke is by die breë Afrikaanse gemeenskap en 'n bepalende en dinamiese rol speel in Suid-Afrika. 'n Verdere bewys van sy doelgerigte en praktiese betrokkenheid by relevante suksesverhale in Suid-Afrika is die toekenning van pryse soos die ATKV se Lier-toekennings vir uitmuntende Afrikaanse geestelike musiek wat jaarliks plaasvind, die ATKVveertjie, 'n spoggeleentheid waartydens die room van die oes op Afrikaanssprekende terrein bekroon word, die ATKV-televisieprys waartydens die ATKV jaarliks pryse toeken aan mense in die televisiebedryf wat die grootste kreatiewe bydrae tot die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur gemaak het. Die ATKV-radiopryse word toegeken aan dié persoon wat die vorige jaar uitgeblink het met 'n radioprogram wat die Afrikaanse taal en kultuur op 'n besondere kreatiewe manier bevorder het. Daar is ook die ATKV-pryse vir gedrukte media wat toegeken word aan joernaliste wat deur middel van die gedrukte media die meeste gedoen het om 'n kreatiewe bydrae tot die Afrikaanse taal en kultuur te lewer. Die ATKV-kinderboektoekenning is inderdaad 'n besondere toekenning, want die beoordelaars is jong lesers wat self die boeke gelees het. Ongeveer 900 kinders en 27 biblioteke landswyd tree as beoordelaars op van kinderboeke wat die vorige jaar verskyn het. Die ATKV-prosapryse is 'n toekenning met 'n prysgeld van R26 000 en is een van die grootste letterkundige pryse in die land. Dit word toegeken aan die skrywer van die boek wat in die vorige kalenderjaar verskyn en die grootste byval by die Afrikaanse leserspubliek gevind het.⁵³

51 M Malan, "Afrikaanse-safari gaan die taal se stand bepaal", Rapport, 25 Junie 2006, p.16.

52 Jaarverslag, Die Besturende Direkteur: ATKV kongres 2005, 1 April 2004 tot 31 Maart 2005, p.8, Hartenbos, Kongresnotuleboek, Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg, 17 Augustus 2006.

53 53 ATKV Hoofkantoor, Pretoria, W Louw, Interne ATKV inligtingstuk, "Geskiedenis van die ATKV 1981 tot 2005", (Q: \Best Admin\Spes Opdragte\Geskiedenis 1981-2005.doc), Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

Samevatting

Gebaseer op die navorsing blyk dit wel dat die ATKV wel daarin geslaag het om die belange van die Afrikaanse kultuurgroep te verdiep en uit te bou. Hierdie organisasie slaag ook tans by uitstek daarin om 'n moderne en dinamiese organisasie te wees wat met groot welslae getransformeer het, en tans 'n onmisbare rol vertolk binne die breë Suider-Afrikaanse gemeenskap.

Die ATKV is waardegedrewe en funksioneer op die grondslag dat dit 'n kultuur-organisasie is wat 'n Christelik-Bybelse grondslag het. Die ATKV diskrimineer nie teen enige persoon op grond van ras of geslag nie en verbind hom tot professionele gedrag en etiese standaarde in al sy optredes. Die ATKV bedryf al sy aktiwiteite volgens gesonde sakebeginsels, respekteer die menswaardigheid van sy werknemers as 'n onmisbare bate en beskou sy lede en kliënte as sy belangrikste bydraers tot sukses. Hieruit vloeï dan ook voort die strategiese doelwitte wat die werksaamhede van die ATKV bepaal, naamlik dat hy 'n organisasie wil wees wat effektief in die behoeftes van die Afrikaanse gemeenskap voorsien, wat betrokke wil wees by die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap en wat die ATKV maksimaal wil ontwikkel tot 'n dinamiese, selfversorgende organisasie.⁵⁴ Die talle voorbeelde wat in hierdie artikel genoem is, spreek vanself.

Tog is dit noodsaaklik dat die ATKV voortdurend met selfondersoek die vraag moet vra of dit as 'n organisasie in enige gegewe tydsgewrig, en belangriker, ook in die toekoms steeds die effektiefste metodes gebruik om sy droom te verwesenlik.⁵⁵

Om 'n kritieke en onmisbare rol tot voordeel van die breër Suider-Afrikaanse gemeenskap in die 21ste eeu te vertolk, is dit ook noodsaaklik dat die organisasie voortdurend sal besin oor die pad vorentoe.⁵⁶ Dit sal van kardinale belang wees vir die ATKV om vorentoe te kyk met selfs nog groter dringendheid en geloof, blymoedigheid en vertroue, sowel as met toewyding en visie, om die behoeftes van die Afrikaanssprekendes en Suid-Afrika voortdurend aan die orde te stel. Afrikaanses moet nie hul Suid-Afrikaansheid misken nie, maar moet ook bereid wees om aspekte uit te wys waar sake nog nie na wense verloop nie. Net so belangrik is dit dat daar nog meer ruimte binne

54 Voorsittersrede, J van Schoor, 78ste kongres van die ATKV, Hartenbos 17 Augustus 2006, (Q: \Best Admin\ Spes Opdragte\Geskiedenis 1981-2005.doc), Maatskappy sekretaris, ATKV Hoofkantoor, Randburg.

55 H Wyngaard, "ATKV dink oor hoe hy sy beeld moet poets", Rapport, 21 Mei 2006, p.5.

56 H Wyngaard, "Vervreemding sal ANC pootjie", Rapport, 20 Augustus 2006, p.18

die ATKV se strukture geskep moet word sodat ander Afrikaanssprekende rassegroepe kan tuis voel in die geledere van die organisasie.

Die woord onmisbaar vorm egter die sleutelbegrip in hierdie formulering van drome en doelwitte. Indien die ATKV daarin kan slaag om onmisbaar deel van die toekoms te wees, sal die Afrikaanse taal en kultuur, en daarmee saam die bestaan van die ATKV menslik gesproke nooit in die gedrang kom nie.⁵⁷ In 'n moderne land is eenheid belangrik en verskeidenheid 'n lewens feit. Daar moet 'n balans wees tussen eenheid en verskeidenheid.⁵⁸

Dit is ook nodig dat al die verskillende Afrikaanse kultuurorganisasies moet saamwerk om sodoende die voortbestaan van die Afrikaanse gemeenskap te vestig binne die groot verskeidenheid mense, groepe en volke in Suid-Afrika.⁵⁹

Voorts is dit ook noodsaaklik dat die ATKV in die toekoms steeds relevant sal bly, en dat daar sal ook strategies gedink sal moet word om te verseker dat die verskillendefokuspunte van die organisasie oor tyd op mekaar sal bou, sodat die ATKV ook oor die lang termyn steeds jonk, dinamies en relevant kan bly. Die grootste toets hiervoor sal wees of die organisasie daarin sal kan slaag om te voldoen aan die eise wat 'n veranderende Suid-Afrikaanse samelewing stel.

57 "Voelvlugblik ATKV 75 op ons blink geskiedenis," *Die Taalgenoot*, Januarie 2006, p.37.

58 Openings toespraak, Dr. T Eloff, Visekanselier, Noordwes-Universiteit, 78ste kongres van die ATKV, Hartenbos, 17 Augustus 2006.

59 H Wyngaard, "Vervreemding sal ANC pootjie", *Rapport*, 20 Augustus 2006, p.18.